IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

A/

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-02-10

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

--------------------

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

--------------------

VOLUME 343

(Bladsye 19 556 - 19 619)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 10 FEBRUARIE 1988.

WILLIAM PHATSWANE MAINE, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. JACOBS : U edele, al die beskuldigdes is voor die hof.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Maine, u het gister afgesluit en was nog besig gewees om vir die hof te vertel wat die oggend van die 3de gebeur het. U het vertel die eerste wat u opgemerk het was hoe stil dit was. Die tweede is die polisie wat u opgemerk het wat daar geparkeer was. Het u enigiets anders nog opgemerk daardie oggend van die 3de? -- Dit was om en by 15h30 of 15h00 toe ek 'n klomp mense opgemerk het wat vanaf die rigting van Sebokeng in my rigting gekom het.

Het hulle enigiets gedoen? -- Die klomp wat in my rigting gekom het, het gesing. Ek kon net nie uitmaak wat hulle sing nie.

HOF : Dit was in die middag? -- Ja.

MNR. JACOBS : Het hulle iets gedoen of het hulle net daar aangekom en weer weggegaan? -- Hulle het na Boundary Store toe gegaan.

En? -- Toe hulle by die Boundary Store kom, het hulle die plek met klippe bestook met die oog daarop om die deur oop te maak sodat hulle toegang kan kry tot die winkel self.

Ja? -- Terwyl hulle nog so gesukkel het om die plek oop te kry, het die polisiepatrolliewa daar aangekom en hulle het toe gevlug.

Is die polisie weg? -- Ja, die polisie is toe later ook weg van daardie plek af. Onmiddellik toe die polisie weg is, het hierdie klomp weer teruggekeer na die winkel toe.

En toe? -- Hulle het weer daar gesukkel om die plek oop te kry totdat hulle daarin geslaag het om die plek oop te

maak/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

maak.

Het hulle die plek geplunder? -- Ja.

Is die plek aan die brand gesteek? -- Ja, na hulle sekere dinge uitgevat het vir hulle self uit die winkel uit, het hulle toe die winkel aan die brand gesteek.

Tussen daardie insidente die middag en die oggend wat jy waargeneem het dat die polisie daar was, het jy enigiets opmerklik opgemerk gedurende die dag? -- Nee, ek het niks opgelet nie.

Het jy nie mense gesien rondbeweeg, groepe mense nie? -- Nee, die enigste klomp mense wat ek gesien het, is dié wat ek sê na die winkel toe is.

Het jy enige opmerklike rookkolomme opgemerk in die omgewing daarso van jou huis? -- Ja, by die plek wat hulle aan die brand gesteek het.

Ja, maar voor dit vroeër die dag?

HOF : Dit is nou Boundary Store? -- Ja.

MNR. JACOBS : Voor dit? - Nee, voor dit het ek nêrens rook gesien nie.

Ek wil na u toe gaan na die vergadering van 26 Augustus 1984. Is dit korrek dat op daardie vergadering die oggend wat jy bygewoon het, dit was georganiseer gewees deur ERPA en jy het dit geweet. Is dit korrek? --Of soos jy dit genoem het die "Rate payers"? -- Dit was die "rate payers" se vergadering, nie ERPA nie.

Was dit Evaton Rate payers Association se vergadering? -- Ja, dankie, nou verstaan ek.

Was dit geadverteer voor die tyd? -- Ek het nie daarvan geweet of dit geadverteer was nie, maar ek het kennis daarvan gekry as gevolg van mnr. Mokoena.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is dit nou beskuldigde nr. 6? -- Ja.

Hoe het jy die kennis van hom gekry? -- Hy het vir my daarvan gesê dat daar 'n vergadering gehou gaan word van die "rate payers".

Was daar nie ook pamflette versprei in daardie gebied waar u en beskuldigde nr. 6, mnr. Mokoena, woon nie? -- Nee, ek het geen pamflette gesien nie. Al was daar miskien pamflette gewees wat versprei was, het ek dit nie gesien nie.

Was daar enige aankondiging met 'n luidspreker gedoen omtrent hierdie vergadering in die woongebied waar u woon? -- Nee, ek het dit ook nie gesien dat daar 'n luidspreker gebruik word nie.

Aan watter kerk behoort u? Watter kerk woon u by? -- My kerk is in Sharpeville.

HOF : Wat is die naam van die kerk? -- The Missionary of St John Apostolic Church.

MNR. JACOBS : Na die vergadering toe die oggend, hoe het jy daarheen gegaan? Het jy soontoe geloop of het jy gery? -- Toe ek van my huis weg is, het ek te voet gestap. Op pad het ek toe 'n geleentheid gekry van mense wat per voertuig gery het soontoe.

Is dit mense wat die vergadering gaan bywoon het? -- Nee, nee, dit is mense wat daar sou verby gery het en hulle het my toe 'n "lift" gegee.

En is dit reg dat die kerk in Sharpeville wat u bywoon is ver vanaf die Roomse Kerk waar die vergadering gehou was in Small Farms?

HOF : Die antwoord is ja. Wat is die volgende vraag?

MNR. JACOBS : Op die vergadering, het beskuldigde nr. 6 opgetree as die voorsitter? -- Ja.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En het hy die vergadering ter aanvang meegedeel dat die doel van hierdie vergadering was om die mense wat die vergadering bywoon in te lig? -- Ja, hy het.

En is dit korrek dat op hierdie vergadering - of laat ek dit eers vra. Ken u vir beskuldigde nr. 5 hier by die hof? Kan hy net opstaan? -- Nee, ek ken hom nie.

Kan jy onthou of jy hom gesien het by daardie vergadering? -- Ek onthou nie dat ek hom gesien het nie.

Toe beskuldigde nr. 6 sy toespraak gelewer het daarso op hierdie vergadering, was hy alleen op die verhoog gewees? -- Hy was oorspronklik alleen gewees, maar toe hy die dokument te voorskyn gebring het van die plan, het hy toe iemand by gekry wat hom behulpsaam was.

Waar het hy hierdie iemand vandaan gekry om hom behulpsaam te wees? -- Hy het iemand geroep om by hom aan te sluit met die oog daarop dat daardie persoon hom moet help. Ek het nie die persoon geken nie. Ek het nie spesifiek opgelet wie die persoon is nie. Omdat die persoon aan my onbekend was, kan ek nie sê wie die persoon is nie.

Het hy hierdie persoon uit die gehoor geroep wat daar in die gehoor gesit het? -- Ek sal sê die persoon is vanuit die gehoor geroep, want toe ek die eerste keer bewus geword het van die persoon, was terwyl die persoon opgaan, dit wil sê vanaf die vloer opgaan na die verhoog toe.

Hoe het hy gevra vir 'n persoon om hom te kom help? Het hy hard gepraat met die gehoor en gevra of daar iemand is wat hom sal kom help of hoe? -- Ek het nie gehoor dat beskuldigde nr. 6 dit aan die gehoor bekend gemaak het dat hy iemand nodig het om hom te kom help nie en ek het ook nie gesien dat hy 'n spesifieke persoon op een of ander

manier/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

manier geroep het nie. Wat ek wel gesien het is dat ŉ persoon vanaf die gehoor na die verhoog toe was en toe by hom aangesluit het. Dit is die persoon wat hom behulpsaam was.

En wat het die persoon gedoen terwyl hy hom behulpsaam was? -- Die persoon het in Engels gelees wat daar geskryf was, wat dan deur mnr. Mokoena verduidelik is aan die gehoor in Sothotaal.

Die persoon wat mnr. Mokoena gehelp het, dit is vir beskuldigde nr. 6 gehelp het, het hy op enige stadium ŉ toespraak op sy eie gelewer of weet u nie? -- Ek het nie gehoor dat die persoon sy eie toespraak gemaak het nie. Dit mag, maar wat ek wel van geweet het is dat die persoon is ŉ lid van die organisasie van die jeugdiges.

Hoe het jy dit geweet? -- Mnr. Mokoena het dit bekend gemaak dat die persoon ŉ lid is van die jeugdiges se organisasie.

Van watter organisasie van die jeugdiges het mnr. Mokoena gesê is die persoon ŉ lid? -- Hy het dit nie spesifiek genoem nie, behalwe dat hy net gesê het die persoon is ŉ lid van die jeugdiges se organisasie. Hy het nie spesifiek genoem watter een nie.

Hoe sê mnr. Mokoena hoekom stel hy nou hierdie persoon voor wat hom nou net help om daardie goed uit te lees? -- Hy het nie ŉ rede verstrek hoekom hy dit gedoen het nie.

Waar was die persoon toe? Was hy op die verhoog gewees of was dit terwyl mnr. Mokoena sy toespraak gelewer het wat hy dit gesê het? -- Die persoon wat mnr. Mokoena behulpsaam was, was op die verhoog gewees toe dit bekend gemaak is.

Was dit op die stadium nog terwyl mnr. Mokoena besig

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was met sy toespraak? Kon die persoon hom help? -- Die volgende het daar gebeur. Mnr. Mokoena het eers sy toespraak gemaak aan die gehoor en toe hierdie dokument te voorskyn gebring. Daarna het hierdie persoon wat hom behulpsaam was toe opgegaan na die verhoog toe. Toe die persoon daar by hom was, het hy eers bekend gemaak dat hierdie persoon van die organisasie van die jeugdiges afkomstig was.

Het hy enige rede gegee hoekom hierdie persoon wat nou daar was, wat die organisasie van die jeugdiges verteenwoordig daar op daardie vergadering teenwoordig is?

MR BIZOS : I think that the prosecutor is putting a gloss on the witness's evidence.

HOF : Die woord verteenwoordig is nie gebruik. Hy is van die jeug.

MNR. JACOBS : Van die jeug was, hoekom hy daar was? -- Nee, hy het nie 'n rede gegee hoekom die persoon daar was nie.

Miskien kan ons al hierdie dinge kort sny. Kan u vir die hof sê, die doel van hierdie vergadering, soos u gesê het was om die gehoor in te lig en dit was om die gehoor in te lig omtrent die raadslede en hulle doen en late? -- Dit is die waarheid.

En die doel was verder en dit is op daardie vergadering baie duidelik uitgebring deur die sprekers en die raadslede beskuldig dat die raadslede nie hulle take of hulle pligte doen nie, behoorlik doen nie? -- Ja en nommer twee, die raadslede is veronderstel om namens die gemeenskap 'n woord uit te voer en die belange van die gemeenskap te beskerm. Hier is dit nou, daar word gepraat van die herbeplanning en die raadslede doen niks daaromtrent nie. Daarmee het

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die gemeenskap dan die indruk gekry dat die raadslede nie meer die pligte uitvoer soos dit van hulle verwag word nie.

En is dit reg dat die sprekers op hierdie vergadering het almal gesê die raadslede doen nie hulle pligte nie? -- Dit is die waarheid.

En dat die raadslede, omdat hulle nie hulle pligte doen nie, moet hulle bedank? -- Die raadslede was nie by hierdie vergadering teenwoordig nie.

HOF : Die vraag is, is daar gesê dat hulle moet bedank? -- Iets wat gesê was in daardie verband was dat as die raadslede nie in staat was om die pligte wat hulle veronderstel is om uit te voer te kan doen nie, dan hoef hulle nie as leiers van die mense voort te gaan nie.

MNR. JACOBS : Is daar gesê die raadslede moet bedank? -- Nee, nie op dié manier wat dit gestel word nie. Wat daar gesê was is die volgende, dat as hulle nie in staat is om die pligte uit te voer soos dit van hulle verwag word nie, dan is ons nie bereid om saam met hulle te staan dat hulle ons leiers moet word nie.

U sien, dit was gestel aan 'n getuie in hierdie hof, dit is die getuie P.R. Mokoena, bekend as Rina Mokoena, die een wat jy ook gesê het wat daar gepraat het op die vergadering in volume 38 bladsy 1 761 "Is it true, is it not, that councillors were accused of not doing their duty properly and that the people were calling for their resignation"?-- Wat my betref in daardie vergadering was dit nie gesê nie.

Het die sprekers op hierdie vergadering gesê wat moet gedoen word omdat die raadslede nie hulle werk doen nie? -- Ja, daar was iets gesê in daardie verband.

Wat moet gedoen word in verband met hierdie raadslede

wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat nie hulle pligte doen nie? -- Wat gesê was is dat die Evaton Ratepayers Association sal met die hoë gesagte gaan vergader. Dit beteken dat hulle die administrasieraad se amptenare sal moet gaan sien met hierdie waaroor hulle gekla het.

Kan jy onthou wie gesê het dat die raad gesien of die amptenare gesien moet word? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie. Ek onthou wel dat dit wel so gesê was, maar deur wie kan ek nie meer onthou nie, want hierdie ding het lank gelede plaasgevind.

Wanneer sou die amptenare gesien word? -- Dit was nie gesê wanneer dit sou plaasvind nie. Wat wel gesê was is dat daar moet voorbereidings gedoen word om by die hoë gesagte uit te kom.

So, daar is gesê daar word voorbereidings gedoen om by die hoë gesag uit te kom? -- Nee, hulle was nog nie besig om die voorbereidings te doen nie. Wat gesê is is dat hulle is geregtig om dit te doen.

So, verander jy nou jou getuienis. Was dit nie gesê dat hierdie ontmoeting met die outoriteite sou dan op 3 September 1984 plaasvind nie? -- Nee, nie by hierdie vergadering nie.

Is daar gesê op die vergadering as hulle met hierdie outoriteite moet gaan praat, waar hulle met die outoriteite sou gaan praat? -- Nee.

Op hierdie vergadering, kan u onthou dat raadslede beskuldig was dat hulle deur oneerlike metodes, skelm metodes die mense van hulle eiendomme met die herbeplanning ontneem? -- Of hulle nou beskuldig was, dit weet ek nie, dat daar iemand direk gesê het dat hulle beskuldig word nie, maar

daardie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daardie woorde was gebruik gewees.

Dat die raadslede skelm is of skelm metodes gebruik? Wat is presies gesê? -- Dit is die waarheid.

Watter presiese woorde is gebruik, wat is die raadslede? -- Wat gesê was is dat die raadslede doen niks vir die gemeenskap nie, want daar is sekere plekke wat uit die gemeenskap se besit geneem word en word geëien deur die administrasieraad terwyl die raadslede daar is.

Wat is gesê wie is skelm? Wat is die woord wat gebruik is in verband met die raadslede, die skelm wat daar gebruik is? -- Ek volg nie u vraag nie.

Is dit gesê die raadslede is skelm? -- Nee, nie dat hulle skelm was nie, maar die woord wat daar gebruik was, was dat hulle nie betroubaar is nie.

Dit is iets anders as om te sê hulle het van skelm metodes gebruik gemaak om die mense van hulle eiendom te ontneem? -- Dit mag wees dat dit dieselfde is, maar ek wil die woorde gebruik soos dit gebruik is daar.

Jy sien, beskuldigde nr. 5, die man wat ek netnou gevra het om op te staan sodat jy hom kon identifiseer, is die persoon wat daar op daardie vergadering gesê het dat die raadslede skelm metodes aanwend om die mense van hulle eiendom te ontneem? -- Word dit beweer dat hy daardie woorde by hierdie vergadering waar ek teenwoordig was gebruik het?

Ja, dit word beweer hy het daar 'n toespraak gelewer, hy erken hy het daardie toespraak gelewer ... -- Ek is nog nie klaar nie. Praat u van die vergadering van die 26ste?

Ja? -- Nee, nie by daardie vergadering nie. Ek het nie daardie woorde soos deur u aangehaal word "skelm" daar gehoor nie. Ek kan nie sê dat daardie woorde daar gebruik

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is nie. Dus was hulle nie daar nie.

Sê jy ook hy het nie ŉ toespraak daar gelewer nie? -- Hy het ŉ toespraak gelewer, maar dat hy in sy toespraak die woord "skelm" gebruik het, het ek nie gehoor nie.

In watter taal het hy sy toespraak gelewer? -- Sy toespraak was in Sotho gewees. Ek kan net nie meer onthou wie die persoon is wat opgetree het as ŉ tolk nie.

Is sy toespraak van Sotho vertolk na ŉ ander taal toe dan? -- Tydens sy toespraak was daar nie gebruik gemaak van ŉ tolk nie. Die tolk wat opgetree het as ŉ tolk daar het net getolk tydens die lees van die dokument wat hulle daar gehad het.

As die verdediging beweer dat beskuldigde nr. 5 het sy toespraak in Engels ... (Mnr. Krugel kom tussenbei)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Ekskuus tog, dit is nie nou duidelik wat die getuie bedoel nie. Toe u gesê het dat u weet nie wie opgetree het as ŉ tolk nie, verwys u na die tolk wat opgetree het saam met beskuldigde nr. 6, toe hy die papier uitgehaal het? -- Oorspronklik toe mnr. Mokoena sy toespraak gemaak het, was dit in Sotho gewees. Daar was nie ŉ tolk gebruik nie. Dit is tot en met die stadium waar hy die dokument te voorskyn gebring het waar daar ŉ tolk benodig was omrede die dokument in Engels gelees is deur die persoon wat mnr. Mokoena bygestaan het en mnr. Mokoena het dan as ŉ tolk opgetree.

Van watter tolk praat u nou? -- Daarby bedoel ek dat tot en met die lees van die dokument was daar nie ŉ tolk gebruik nie, maar onmiddellik toe hulle by die dokument kom, was Mokoena gebruik as ŉ tolk en dan die sprekers daarna wat toesprake gemaak het, se toesprake is getolk. Ek weet net

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie wie die persoon of persone is wat in daardie gevalle opgetree het as tolk nie.

MNR. JACOBS : Jy sê beskuldigde nr. 5 se toespraak is getolk van Sotho na watter taal toe? Sê net vir ons? -- Die persoon, beskuldigde nr. 5, is die persoon wat die dokument gelees het in Engels en die dokument is dus deur mnr. Mokoena in Sotho getolk.

Afgesien van die lees van die dokument, laat ons dan net duidelikheid kry, u het nou-nou gesê dat hy het ook 'n toespraak gemaak in Sotho?

HOF : Wie is hy?

MNR. JACOBS : Beskuldigde nr. 5.

HOF : Dit is die man met die geel hemp. -- Nee, nee, die persoon het geen toespraak van sy eie gemaak nie. Hy is net voorgestel deur mnr. Mokoena as 'n persoon afkomstig van die organisasie van die jeugdiges.

Toe u nou-nou gesê het hy het Sotho gepraat, wat het u bedoel, beskuldigde nr. 5? -- U het my miskien nie verstaan nie. Die persoon het die dokument gelees wat in Engels geskryf was.

U sê almal wat daar gepraat het se toesprake was vertolk deur 'n tolk gewees. Kom ons gaan na mev. Rina Mokoena toe. Watter taal het sy gepraat? -- Sy het Sotho gebesig.

En na watter taal toe is dit vertolk? -- Zoeloe.

Die tolk wat haar toespraak vertolk het na Zoeloe toe, waarvandaan het hy gekom? Was hy uit die gehoor of waarvandaan kom hy? -- Vanaf die gehoor het die persoon gekom.

Beskuldigde nr. 6, mnr. Mokoena, het 'n toespraak gelewer. In watter taal het hy gepraat? -- Sotho.

Na watter taal toe is sy toespraak vertolk? -- Sy

toespraak/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

toespraak was nie vertolk nie. Dit was baie kort gewees. Dit was net die opmerkings wat hy gemaak het en die opening van die vergadering en toe het hy die dokument te voorskyn gebring.

So, niks daarvan is vertolk nie? -- Nee, daar was nie 'n tolk gebruik daar nie.

Mnr. Khubeka het daar gepraat. Is dit reg? -- Dit is die waarheid.

En watter taal het hy gepraat? -- Sotho.

Na watter taal is dit vertolk? -- Zoeloe.

Deur dieselfde tolk wat vir mev. Mokoena getolk het of was dit iemand anders? -- Ek weet nie wat die naam van die persoon is wat daar opgetree het as 'n tolk nie, maar die persoon het op die verhoog gestaan en tolk.

Is dit dieselfde persoon as wat vir mev. Mokoena getolk het? -- Nee.

So, dit is weer 'n ander tolk wat daar was? -- Ja.

Mnr Kabi het 'n toespraak gemaak daar? -- Ja, toe hy net opgestaan het, was dit omtrent die tyd wat ek moes weg gaan.

Het jy sy toespraak gehoor? -- Ek is daar uit net toe hy opgestaan het, met die gevolg dat ek nie sy toespraak gehoor het nie. Ek is ook nie daarvan bewus of hy 'n tolk gebruik het in sy toespraak nie.

So, jy het niks gehoor wat hy sê nie? -- Nee, ek het hom nie gehoor nie.

Jy kan ook nie vir die hof sê watter taal het hy begin praat toe hy opgestaan het nie? -- Nee, ek sal nie kan sê nie, want op daardie stadium is dit die tydstip wat ek weggegaan het. Ek het nie eers gewag tot hy begin praat

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie.

Jy sien, dit is vir my baie eienaardig wat jy nou vir die hof sê, want in jou getuienis-in-hoof het jy gister die voglende gesê volgens my nota wat mnr. Kabi daar gesê het? U het gesê "I know him. He is also a member of the Ratepayers Association." Onthou jy dat jy dit gesê het? -- Ja, ek ken hom as ŉ lid van "Ratepayers".

En dan sê u verder "I remember what he said." Kan jy onthou dat jy dit gister vir hierdie hof vertel het? -- Ek kan nie onthou dat ek dit gesê het nie. Wat ek onthou is dat ek gister vir die hof gesê het toe hy opgestaan het het ek terselfdertyd die vergadering verlaat.

En ek wil verder vir jou sê jy sê "He said he is supporting the idea of not allowing anybody laying piping on property." Dit is nou baie kort geneem, maar dit is die basis van wat jy gesê het? Onthou jy dat jy dit gister vir hierdie hof vertel het? -- Ek kan nie so goed ontou dat ek dit gesê het in verband met wat Kabi gesê het nie.

En jy het gister ook vir die hof gesê "After Mr Kabi addressed the meeting, I was about to leave and I left the meeting between 11h30 and 12h00?"

COURT : Not "After Mr Kabi addressed", "When Mr Kabi addressed." Tydens sy toespraak.

MNR. JACOBS : Ek weet nie of hierdie nota van my dan korrek is nie. "After Mr Kabi addressed, I was about to leave."

HOF : Dit was toe hy nog besig was om te praat is die getuie daar weg.

MNR. JACOBS : Jy sê nou dat hierdie dele wat jy gesê het wat jy gehoor het van mnr. Kabi se toespraak, het jy in werklikheid nie gehoor nie? -- Ek het dit nie gehoor nie, want

toe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

toe hy nou net besig was om homself voor te berei om te begin praat, het ek die vergadering verlaat.

HOF : Hoe berei ŉ mens jou voor om te begin praat? -- Byvoorbeeld, ŉ persoon sal opstaan en dan sal hy die volgende miskien sê hoekom die vergadering daar gehou is en wat alles daar bespreek word by hierdie vergadering. Dit is die voorbereiding waarvan ek praat. Toe het ek die plek verlaat.

MNR. JACOBS : Sê jy nou dat mnr. Kabi het wel gepraat daar op daardie vergadering en gesê wat is die doel van die vergadering en so aan? -- Nee, ek antwoord op die hof se vraag hoe ŉ mens hom self voorberei om te praat. Dit is nie dat ek sê Kabi het dit gedoen nie.

Maar vertel dan vir die hof, die hof het jou ŉ vraag gevra, wat het mnr. Kabi gedoen om hom voor te berei om te praat? -- Wat ek daarby bedoel is dat hy opgestaan het en aan die gehoor verduidelik het dat ons daar was en wat ons daar kom doen het.

Verander jy dit nou weer. Het jy gehoor in watter taal mnr. Kabi daar praat toe hy opgestaan het? -- Ek sê nie dit is wat daar gebeur het nie. Ek sê normaalweg vir ŉ persoon om ŉ toespraak te begin, sal ŉ persoon altyd opstaan en ŉ inleiding maak tot sy toespraak en dan sal die persoon eers met sy toespraak begin.

Maar dit het jy nie eers gehoor dat mnr. Kabi dit doen nie. Is dit reg? Verstaan ek jou reg? En ek verwys nie nou na normaalweg nie, ek verwys na die werklike feitlike posisie? -- Ja, dan sal ek sê ek het hom nie gehoor nie.

Jy sien, dan wil ek net van jou weet, hoekom het jy by die hof die valse indruk gebring in jou getuienis dat jy weet wat mnr. Kabi op die vergadering gesê het en ook vir

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die hof hier feite gegee het van wat hy sou gesê het? -- Ek onthou nie dat ek Kabi se toespraak in hierdie hof gister aangehaal het nie.

Jy sien, ek wil dit aan u stel dat u het in hierdie hof kom dinge stel waarvan u niks weet eers nie. Of u is heeltemal besig om vir die hof onder ŉ vals indruk te bring? -- Ek het nie hiernatoe gekom met die doel om leuens te vertel nie.

As dit so is dat jy gister gesê het dat jy sekere dinge onthou wat mnr. Kabi gesê het, as dit so op die oorkonde voorkom dan het jy vir die hof ŉ leuen vertel? -- Ja, ek hoor wat u stelling is en ek verstaan dit, maar wat my betref, ek het aanhalings gemaak op die eerste vergadering wat ek bygewoon het. Wat die tweede vergadering betref het ek nie aanhalings gemaak van die vergadering wat presies daar gebeur het nie.

En ek wil dit aan u stel ook dat hierdie vergadering van 26 Augustus 1984 die oggend se vergadering wat u nou na bewering sou bygewoon het, dit was ŉ baie sterk bewoorde vergadering teen die raadslede om die mense op te sweep teen die raadslede en dit is hoekom u nou met ander stories kom oor wat die mense sou gesê het? -- Nee, dit was nie so gewees nie.

Het mev. Mokoena nie byvoorbeeld ŉ baie sterk bewoorde toespraak gelewer en verwys na die eenheid wat hulle bereik het in die vyftigerjare met die opmars na Pretoria nie? -- Nee, ek weet niks daarvan dat sy na Pretoria toe in ŉ opmars deelgeneem het nie.

Het sy nie ook daar op die vergadering gesê dat die mense of aan die mense "Why have you allowed strangers to steal our land" en dit daar aangehaal nie? -- Nee, sy het

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie gepraat van vreemde mense wat ons land kom steel het nie.

Jy sien, dit is baie eienaardig, want ek wil net vir jou sê om vir jou in te lig, dit is 'n feit wat gestel was deur die verdediging aan mev. Mokoena as wat sy daar sou gesê het? Volume 38 bladsy 1 764 die derde reël van bo af. Wat sê jy daarop? -- Ek weet nie dat sy iets te doene gehad het met enige verdediging nie.

Maar dit is 'n weergawe wat die verdediging sê wat daar gebeur het op daardie vergadering? -- Ek sit 'n bietjie met 'n probleem. As u praat nou van die "strangers". Het sy bedoel die administrasieraad of wie het sy eintlik bedoel toe sy dit gesê het?

Nee, ek kan nie nou vir jou dit sê nie. Dit is wat ek vir jou net genoem het wat die verdediging gestel het aan mev. Mokoena wat daar gesê is. Miskien kan jy vir ons help. -- As dit so is, as ek daaraan 'n vertolking moet gee sal ek sê indien sy so gepraat het, die vreemdelinge wat sy van gepraat het wat ons land kon ingeneem het is die administrasieraad.

Ek vra nou nie vir jou vir 'n vertolking nie. Jy kan nie eers onthou dat dit gesê is nie. Kan jy net vir ons sê, ek wil net een ding nog aan jou stel in verband met hierdie vergadering voordat jy nou weggegaan het. Kan jy onthou dat die man wat vir mnr. Mokoena gehelp het, dit is nou beskuldigde nr. 5, dat hy op die vergadering gesê het dat hy verteenwoordig die jeug en die jeug staan saam met die mense daar van Evaton? -- Ek het gehoor toe hy gesê het dat hy daar was as 'n verteenwoordiger van die jeug. Dit het ek gehoor, ja.

Ek dog dan jy sê hy het nie 'n toespraak gemaak nie?



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Nou verstaan ek nie.

Ek verstaan jou ook nie. Kan jy onthou- ek wil jou net op nog iets wys omtrent hierdie ... -- Ek was nog besig om ies te sê. Wat ek nie verstaan nie, is die volgende. Toe die persoon daar op die verhoog gekom het, is hy voorgestel as 'n lid van die organisasie van die jeugdiges en die persoon het dit self bevestig dat hy wel 'n lid is van die jeugdiges. Dit is wat ek bedoel hy gesê het.

Jy sien, want die getuienis - dit is ook die saak van die verdediging dat beskuldigde nr. 5 het 'n toespraak gemaak in Engels en dit was vertaal deur mnr. Mokoena. Wat sê jy daarvan? -- Ja, dit is tydens die gebruik van daardie plan wat hulle gehad het.

Nie toe hy 'n toespraak gemaak het, op sy eie gestaan en gepraat het nie? -- Nee, ek weet nie van hom daar staan en 'n toespraak maak van sy eie nie.

Op hierdie vergadering was daarso pamflette of publikasies uitgegee daar, onder andere UDF News of SASPU National of daardie tipe publikasies? -- Ek het dit nie gesien nie.

Kan jy onthou of daar "million signature campaign" vorms was op daardie vergadering? -- Toe dit gemeld was dat daar sulke papiere was, is die tydstip wat ek weggegaan het. Ek het nie eers gesien hoe lyk daardie papiere nie.

Maar jy het gehoor dit word gemeld daar is sulke papiere en dit is op daardie tydstip wat jy toe uitgaan? -- Ja, ek het gehoor toe hulle gesê het daar is papiere wat geteken moet word, maar ek het dit nie gesien nie.

Wie het dit gesê? -- Ek het nie opgelet wie dit was wat dit sê nie, want ek was alreeds op my voete gewees.

Ken jy 'n persoon met die naam van Esau Raditsela?

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Ek ken hom nie.

Edith Lethlake? -- Nee.

En beskuldigde nr. 17, sal u net opstaan? Kyk na hom? -- Nee, ek ken hom nie.

Het jy hom nie daar gesien toe daar gepraat is oor hierdie "million signature campaign" vorms wat geteken moet word nie? -- Nee, ek het nie.

Ek wil net een aspek nog met jou behandel. Die vergadering wat jy sê in November 1983 plaasgevind het, kan jy vir ons sê tussen beskuldigdes nrs. 19 of 20 of enige van hulle twee op daardie vergadering was namens UDF? --

HOF : Sal hulle albei opstaan, 19 en 20, asseblief? -- Ek onthou nie dat ek hulle gesien het nie. Ek ken hulle glad nie.

MNR. JACOBS : Jy kan nie vir ons die datum gee van daardie vergadering nie? -- Nee, ek onthou net die maand.

En die vergadering, was dit gereël gewees deur Evaton Ratepayers Association? -- Ja.

Die sprekers daarso, het hulle gepraat dat die mense moet nie deelneem aan die verkiesing wat aan die einde van November in die Vaal ook sou plaasgevind het nie, dit is ten aansien van swart plaaslike besture? -- Ja, dit is so.

HOF : Waar is die vergadering gehou? -- Dit is lank terug. As ek moet terug dink, my geheue is dat ons in 'n kerk was waar die vergadering gehou is, maar dit was nie die Roomse Kerk nie, maar dit was 'n kerk in Evaton.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Nie Small Farms nie? -- Nee, sover ek kan onthou was dit Evaton. Ek kan nie onthou dat dit Small Farms was nie.

HOF : U het die naam genoem van 'n persoon wie se kerk dit

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was. Dit was Ramoipone. -- Ja, ek onthou dat die vergadering by daardie man se kerk gehou was.

Wie is Ramoipone? -- Hy is net bekend aan my as ŉ predikant.

Watter denominasie is die kerk? -- Ek kan nie meer onthou nie.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

WILLIAM PHATSWANE MAINE, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Ons was besig met die vergadering wat jy bygewoon het gedurende November 1983 waar die UDF se mense ook was. Is dit reg dat hierdie spreker van UDF vir die mense gesê het hulle moet nie aan die verkiesings deelneem nie, omrede die stadsrade en raadslede nie aanvaarbaar is nie? -- Ja.

Het hy daar gesê dat die swartmense moet verenig in hulle aksie teen hierdie raadslede en raadstelsel? -- Dit is die waarheid.

En is dit die rede dat hy ook gesê het daarom is dit wenslik dat Evaton Ratepayers Association ook dan by UDF moet affilieer sodat hulle kan verenigd optree? -- Dit is die waarheid.

Het hulle ook gesê, as hulle nou verenigd optree, daarom is hulle ook bereid om die mense te help met hulle probleme in Evaton? Dit is UDF? -- Dit is die waarheid.

Is dit reg dat dit is ook gesê volgens ek die getuienis verstaan dat die mense - dit is vir optrede teen apartheid waaroor daar vereniging of samewerking moet wees? -- Ja, dit was bedoel om teen die apartheid te wees.

Wat het daardie mense van UDF aan u oorgedra op die vergadering, wat bedoel hulle om teen apartheid te wees?

Wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wat is apartheid? -- Wat hulle gesê het is dat as hulle praat van apartheid, praat hulle daarvan dat 'n swartman nie van sy land ontneem word nie.

En die apartheid, was daar dan verwys na die regering en die blankes in die land as die mense wat die toepassers is van apartheid? -- Ek sal nie so sê nie. Wat my betref, apartheid is dit wat gedoen dat mense apart dinge moet doen.

Maar ek vra nou nie hoe dat jy dit sien nie. Ek vra hoe dat daardie mense dit oorgedra het aan julle op die vergadering? Is dit dan oorgedra daar dat by apartheid word bedoel dat die swartmense moet verenig teen die regering en die blankes? -- Nee, hulle het nie gesê dat dit teen die blankes sal moet wees nie, maar hulle het gesê dit sal teen die dinge wees wat gedoen word wat hulle nie mee tevrede is nie.

Dinge wat gedoen word deur wie? Deur die regering dan? -- Nee, wat deur die raad by die mense se plekke gedoen word.

Op die vergadering het hulle gesê dat die raadslede is onaanvaarbaar vir hulle omdat - en die mense moet nie stem nie - die raadslede sal net "puppets" wees en "sell-outs" en daarom is hulle nie aanvaarbaar nie? - Ja, ek stem saam met u met die gebruik van die woord "sell-out".

Was die toespraak van daardie mense van UDF wat daar op die vergadering die mense toegespreek het goed ontvang deur die mense en die mense het dit aanvaar en geskreeu "Amandla Ngawethu"? -- Ja, dit is die waarheid. Hulle het hande opgesteek met die oog daarop om te erken dat dit wel aanmoediging was.

<u>HOF</u> : Wat bedoel u met hande opsteek? -- Soos ek nou demonstreer. Gebalde regtervuis in die lug.

<u>HERONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS</u> : Geen vrae.

<u>GEEN VERDERE VRAE.</u>

SUSAN/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

SUSAN SEKAMOTHO SMITH: d.s.s. (Through Interpreter)

EXAMINATION BY MR BIZOS: I may be beating about the bush for reasons which may become obvious, in the initial parts of the leading of this witness.

COURT: Will you be in the right bush?

MR BIZOS: I hope so. May I hand your lordship a piece of paper which may explain to your lordship the reason why I, the reason why some of the questions will not be very direct.

COURT: Yes.

MR BIZOS: Mrs Smith are you a widow and do you reside at 2 Aiden Street, Haydendal in Bloemfontein? -- Yes.

Are you in business there? -- Yes.

What is the nature of the business? -- A garage.

Yes. And during 1984 did you live there with your immediate family? -- Yes.

Did you have any family living in Parys? -- Yes my parents.

Did you get any communication during July 1984 from your relatives in Parys? -- Yes that is correct.

As a result of that telephone call did you remain in Bloemfontein? -- No I went to Parys.

Did you go alone? -- No I was accompanied by my children and Mr and Mrs Twayi.

COURT: Spell it please? -- T-w-a-y-i.

MR BIZOS: When you approached the entrance of the living area in which your relative slived did you get in right away? -- No on arrival there there was a roadblock.

Conducted by who? -- By the police.

COURT: Is that now the entrance to Tumahole? -- Yes.

MR BIZOS: Yes, and were you stopped at that entrance? -- Yes./....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Yes.

And were you asked who you were? -- Yes I was.

And did you tell them who you were? -- Yes.

Now did you see any other cars that had been stopped there? -- Yes there was a vehicle which was stopped just on the other side of the road.

And what was happening around that vehicle? -- While this vehicle was being searched there was some noise there, people shouting at one another.

Did anybody who had been near this car approach you? -- Yes the police who had stopped me called on another policeman who was busy with those at the other car which I have just referred to to come to where I was stopped.

And did he come? -- Yes.

Did he introduce himself to you? -- Yes he did.

Do you remember by what name he introduced himself? -- I cannot remember the name but what this person said further is he was a security policeman.

Stationed where did he say, do you recall? -- Yes he said Sasol.

Sasol or Sasolburg? -- Sasolburg.

Did he speak to you, what did he say to you? -- This person told me about what happened in Parys.

Yes? -- He in telling me that drew my attention to someone who was there standing with the police at the car from which he was invited to come and speak to me, saying that person you see amongst those police there is the person who caused the confusion in Parys and in fact caused the burning of Parys.

Did he tell you who that person was? -- Yes he said that is Lekota from UDF.

Is/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is that what the man, the security policeman from Sasolburg said? -- Yes.

Did he point out the person that he was referring to? -- Yes in the sense that this person was the only person amongst them who was not a policeman. The rest of the people in his immediate vicinity were all police members.

Was this name Lekota familiar to you? -- No I heard of it for the first time there.

Was there mention of any organisation that he belonged to?

COURT: Well UDF.

MR BIZOS: I am sorry did she say that already, yes. Now did you know anything about the UDF at that stage? -- Very little by hearing that it is an organisation which has got to do with politics.

Yes, just to get clarity your late husband Mr Jeffry Smith, was he a coloured person? -- Yes.

And had you, were you living in the coloured area in Bloemfontein? -- Yes.

Did you believe what the policeman told you?

COURT: Well is it relevant or not, is the whole evidence relevant? I cannot take any cognisance of it can I?

MR BIZOS: No My Lord but except to explain her subsequent conduct.

COURT: Yes very well.

MR BIZOS: To explain what she did thereafter. Did you believe what the policeman said? -- Because of the fact that this was the first person who was telling me about what happened there and without any other alternative that was told to me I was bound to believe that and therefore I accepted what he was

telling/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

telling me.

Yes. Were you allowed to go into Tumahole? -- Yes.

Did you find your very near relatives there or had they gone away from Tumahole? -- They had left.

Did you find out where they were? -- Yes from a policeman who was outside there who told me that they have gone to Vredefort.

Did you go to Vredefort? -- Yes.

Did you find your very near relatives there? -- Yes.

Now did you speak to them? -- Yes we had a talk.

Was a report made to you as to what happened? -- Yes a report was made to me.

Did you and your father have a discussion? -- Yes we had a talk.

Did your mother take part in it? -- Yes.

Did you and/or your mother give your father any advice? -- Yes what was told to me by them is that his place was burned because he was a community councillor as a result of which then we advised him to resign from the community council.

What was your father's attitude to this suggestion? -- He was not happy about that.

Did he say why he was not happy? -- Yes he said if he was to resign then he was not going to be compensated for what he has lost.

How did you and your mother feel about your father's continued participation in the community council?

COURT: Mr Bizos where are we going with this evidence? Is the purpose merely to contradict a collateral matter of is the purpose to held us to find a decision on the issues in the case?

MR BIZOS:/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MR BIZOS: No not on collateral matter because all this leads to the reason why there was a meeting at Bishop Tutu's office, and it is background information as to why this meeting - because the issue that was raised in cross-examination between the state and us is that there were reasons other than those advanced by a previous witness for the meeting and what happened at the meeting is in issue, the reason for the taking place of the meeting is in issue and this witness' evidence will throw light on that. The issue was joined in cross-examination and I am assuming that the state led that evidence carefully and at some length because they are going to ask your lordship to draw inferences from it. But I will try and cut short the preliminary aspect.

COURT: Yes.

MR BIZOS: I am sorry I forgot what my question was. How did you and your mother feel about the continuation of your father as a councillor?

COURT: Well does it matter what they felt? Unless they expressed it?

MR BIZOS: Well my lord the next question will be ...

COURT: Well let us get to the next question then.

MR BIZOS: Alright, did you tell your father how you felt about his continuing being a council member? -- Yes we did.

What did you tell him? -- We said it does not help at all to remain being a councillor because people has decided to burn his things out and he had to run away from his residence. As it is right now he is not at his place of residence.

Yes. Now did you thereafter read a report in the Sowetan newspaper? -- Yes I read it.

I/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

I would like to show you a photostatic copy of an article which appeared in the Sowetan on 18 July 1984 and to draw your attention to the last three paragraphs of this. Do you recall seeing this report? -- Yes I saw this report on the Sowetan newspaper.

My lord I am assured that if your lordship receives it it will be DA.115.

COURT: DA.115.

MR BIZOS: As your lordship pleases. I would like to read the last three paragraphs in the last column:

> "Meanwhile the general secretary of the SACC, Bishop Desmond Tutu, has called for calm among the people in Tumahole. 'We noted that the police had not used any firearms. For this we commend them. We have pointed out that unrest is endemic in our country because of the fundamental injustice of the apartheid system and virtually anything will trigger off disturbances' he said."

Did you read this report and particularly those paragraphs? -- Yes.

Did you know Bishop Tutu? -- Yes.

Wherefrom? -- I was staying in Lesotho during his stay in Lesotho.

Are you a member of his church? -- No not myself but my children are members of the Anglican church.

Who confirmed them to that faith? -- Bishop Tutu.

Did you know Mrs Tutu? -- Yes I know her.

Were you close to her whilst you were in Lesotho? -- Yes.

Did you know whether or not Bishop Tutu at that stage held any position in the UDF?

COURT:/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

COURT: At what stage?

MR BIZOS: I am sorry, when you read the report.

COURT: When in Lesotho?

MR BIZOS: No ...

COURT: That is in July 1984?

MR BIZOS: In July 1984, I am sorry, yes. -- No I did not know.

Yes. Now when you read this report DA.115 did you do anything? -- When I read about this report it is after I had taken my parents with me to Bloemfontein. So therefore they were staying with me in Bloemfontein. On seeing this report here as shown in the EXHIBIT DA.115 I then realised that Bishop Tutu is the person who can help us in sorting out what is said to have been caused by Lekota. Therefore we are to see Bishop Tutu and let him sort us out with Lekota.

COURT: I am sorry I do not understand. What has he got to do with Lekota? -- What I am saying is this, after having read about this report here that Bishop Tutu was calling for peace in Parys and having been told by the people on arrival in Parys that Lekota was the cause of the burning of the places there I then had in mind the following that if we could see and speak to Bishop Tutu and ask him to make an appointment for us with Lekota wherever we may possibly find a solution on the destructions that had taken place.

MR BIZOS: Was your suggestion accepted that you should try and see Bishop Tutu?

MNR JACOBS: Edele sy het nog net gesê sy het dit "in mind" gehad.

MR BIZOS: Did you express what you had in mind to your parents? -- Yes I did.

And how did your parents receive this idea? -- It was

accepted/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

accepted by them by saying yes that is quite well, we can go.

Did you go and see Bishop Tutu? -- Yes we went to see him.

At home or at his office in the first instance? -- At his home.

Was that in Soweto at the time? -- Yes.

Did you, did anyone tell Bishop Tutu the nature of your business or what you wanted him for? -- Yes on his arrival there, or when he came in I am the person who told him.

Yes. Was another, was a meeting arranged between you and Bishop Tutu for any other time? -- Yes Bishop Tutu said we must come to him at his office the following morning at 09h00.

Did you go? -- Yes.

How many in your group? -- When we went to Bishop Tutu we were four in number, namely my two parents, myself and Mr Twayi.

Yes. And were you joined by anyone after the arrival of Bishop Tutu? -- Yes Bishop Tutu left. On his return he came back accompanied by Lekota.

Do you see Mr Lekota here? -- Yes.

And what happened then? -- The bishop then told Mr Lekota the purpose of our coming there.

Do you recall what he said? -- Yes he told Lekota that we are saying that we heard information that he, Lekota, is the person who caused the confusion in Parys which resulted in the burning of the places.

Did Mr Lekota respond to that? -- He denied any knowledge of that.

Was the UDF mentioned? -- Yes what was said was that

he,/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

he, Lekota, and the UDF they are the people who caused the burning.

COURT: Well it was said by whom? -- That was said to me by the policeman at the time when I was arriving in Parys.

MR BIZOS: And you told us that Mr Lekota denied it. Did anybody else join you? -- Yes he denied that and then requested us for permission just to leave and call somebody else.

Did anybody else come? -- Yes he came back together with another one called Molefe.

Do you see him here? -- Yes I see him.

Is that the man? -- That is the one.

COURT: Accused no. 19.

MR BIZOS: No. 19 yes. Yes and after Mr Molefe, accused no. 19, came what happened, what was said? -- He also supported what had been said by Lekota in saying that they in UDF are not the people who were responsible for the burning.

COURT: Did anybody say who was responsible? -- Yes after that was said by the two, that is denying any knowledge of responsibility, Lekota then said that he heard from rumours that the people there were busy with a march procession when they were stopped or intervened by the police on the march as a result of which they had to disperse. During the time of dispersing it is then that the burnings started to take place.

MR BIZOS: Now was the question of your father's continued membership of the council then discussed? -- Yes it was.

What was said about that? -- He, my father, then requested Bishop Tutu in a form of a question of course asking him if it was not possible for him, Bishop Tutu, to make a public statement which may result in stopping the people from burning his place.

Yes/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Yes, please carry on. -- Bishop Tutu said well he can do that but he cannot see that that can help in view of the fact that it would appear that the people there are fighting the councillors.

Yes? Please carry on, what else was said at this meeting? -- Which again resulted in us, namely myself and my mother, saying to my father that the best for him to do was to resign.

Yes please carry on. Do you remember what else was said? -- He agreed that that was his best solution but ....

COURT: Who agreed? -- My father agreed that that was the best solution but further said that his feeling was that he was going to be better paid in compensation of the damage if he remained a councillor until at the time of the payment.

MR BIZOS: Yes, was there any further discussion? -- We, that is myself and my mother, said to him we think it is advisable for him to resign because otherwise it does not appear as if there was going to be any peace in Parys for as long as they have not resigned for them to be able to go back to Parys.

COURT: Was all this said in the office of Bishop Tutu? -- Yes.

MR BIZOS: Yes. What do you say to the suggestion that it was Bishop Tutu or Mr Lekota or Mr Molefe that suggested to your father that he should resign? -- We are the people who suggested first because we had already discussed that even before leaving home. We had discussed it with my father so we are the people who in fact came with that suggestion.

COURT: Was it supported? -- Yes because now there was a general talk in that general discussion, yes.

Who supported it? -- This happened some time ago, it

is/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is long back. All I can remember is that in the general discussion which later took place amongst us there all present there was some support of this suggestion. By whom specific that I cannot remember.

MR BIZOS: Did anyone at that meeting put any pressure on your father to resign? -- No.

Did anyone, that is either Bishop Tutu or Mr Lekota or Mr Molefe, undertake to issue any public statement in relation to the matter? -- My father is the person who was supposed to have made a statement of resignation.

COURT: When? -- The following day.

MR BIZOS: Whose decision was it that he should make that statement on the following day? -- My father decided on that because in the first place he himself was first supposed to resign. Immediately thereafter then make the statement, the public statement that he has resigned. That was only to take place the following day.

Do you know whether your father wanted to discuss his resignation with anyone? -- Yes he said he was getting to Sebokeng at the offices of the community councils.

Did he mention the name of any person that he wanted to meet there and discuss the matter with? -- Yes a Mr Ganz.

Some time after the happening of these events did you make a statement to the police? -- Yes.

Have you ever been to Delmas? -- Yes.

COURT: Were you impressed? -- I beg your pardon?

Were you impressed with Delmas? -- No I was not impressed by Delmas itself.

You are not the only one.

MR BIZOS: And did you receive a subpoena to come to Delmas? -- Yes./....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Yes.

And did you have consultations there in Delmas? -- Yes.

With which side, this side sitting on this side, or that side? -- I do not really remember them well but not from this side, definitely not. I do not know whether it is that side.

Yes. And did you, were you called to give evidence? -- No I was not called.

Were you told to go back home? -- Yes I was told to go home and I will be informed later.

Thank you my lord.

K1130 KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mevrou, die dag toe u nou van Bloemfontein af na Parys toe gekom het, kan u vir ons sê watter datum dit was? -- Ja, dit was 15 Julie 1984.

Hoe laat het u op Parys aangekom op 15 Julie 1984? -- Dit was om en by 20h00 in die nag.

Is dit die aand van die 15de? -- Ja.

Wanneer het u die berig ontvang van u familie in Parys? Die kontak? -- Dit was in die loop van die dag om en by 12h00 middag.

Toe u nou daar aangekom het by die woongebied in Parys, was dit donker daar waar die polisieblokkade was en dit was net die ligte wat die polisie gebruik om die karre te stop? Dit is nie 'n verligte deel nie. Dit is voor jy inkom in die dorp. Daar is nie straatligte daar nie? -- Nee, dit is nie donker nie. Hierdie voorval het plaasgevind by die kantore van die Munisipaliteit en die plek is verlig.

Moet ek dan verstaan dat die padblokkade was binne-in die woongebied by die kantore of sit hierdie kantore buitekant die woongebied? -- In Parys voordat 'n mens in die lokasie in ry ry jy verby die Munisipaliteit se kantore.

Die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Die voertuig - aan die oorkant van die pad was daar ŉ voertuig sê u wat daar gestaan het en daar was mense besig gewees. Was dit die enigste ander kar wat daar was wat voorgekeer was behalwe nou uself? -- Nee. Aan die ander kant van die pad, ja, was daar net een voertuig gewees, maar aan my kant, ons het in drie voertuie gery. So, ons drie voertuie het agter mekaar daar gestaan.

Was daar nog ander voertuie wat ook voorgekeer was? -- Nee, dit was net daardie voertuig ander kant ons.

In die hele tyd wat u daar was, het daar geen ander voertuie gekom wat ook voorgekeer was nie? -- Ek het dit nie opgelet nie.

Toe u nou geroep was - u sê toe u daar was het die polisiebeampte wat u voorgekeer het iemand anders geroep van die ander kant af. Het u die polisiebeampte wat u voorgekeer het geken? -- Nee, hulle was nie aan my bekend nie. Die polisiebeampte wat my voorgekeer het, was geklee in die onluste-eenheid se kleredrag.

Het hy vir u gevra wie u is en wat u daar kom maak?

HOF : Die antwoord is ja. Nog ŉ vraag.

MNR. JACOBS : Wat het u vir hom gesê kom maak u daarso? -- Ek het aan die persoon gesê wie ek is en toe aan die persoon gesê dat ek gehoor het van die gebeure wat plaasgevind het en die ongeluk wat dan gebeur het ten opsigte van my pa.

Het jy vir hom gesê wie jou pa is? -- Ja, ek het.

En die persoon wat toe nou oor die pad gekom het, het jy vir hom dit ook vertel wie jou pa is? -- Die polisieman aan wie ek eers ŉ verslag gedoen het wie ek was, toe hy daardie een geroep het om na ons toe te kom, het hy alreeds in die geroep en geskreeu van hom gesê "Hierdie mense is

familielede/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

familielede van een van die mense wie se plek aan die brand gesteek was.

Want u sien, ek vind dit eienaardig dat die polisie na jou toe sal kom, ŉ vreemdeling en nou vir jou kom sê "Daardie man wat daar oorkant is, is verantwoordelik vir die brand van die besighede in die Vaal." Hoekom sal die polisie dit nou aan jou vertel? -- Nee, ek was nie ŉ vreemdeling aan daardie persoon nie, in die sin, al boodskap wat ek gekry het, was dat my pa se plek aan die brand gesteek was. Met my aankoms daar stel ek my voor aan die persoon as ŉ familielid van ŉ persoon wie se eiendom aan die brand gesteek was. Die persoon spreek toe sy gevoelens uit aan my en kry my jammer en my pa ook en die persoon gee my toe die besonderhede presies wat dit was van my pa se eiendom wat gebrand was. Dus was ek nie meer ŉ vreemdeling aan hom om alles te vertel nie.

Het die polisiebeampte nie vir jou gesê dat die polisie het vroeër in die dag jou pa geadviseer dit is gevaarlik vir hom in Parys, dat hy moet weggaan na ŉ veilige plek toe en dat hy Vredefort toe is nie? -- Nee, hy het dit nie vir my gesê nie.

Nadat u daar gekom het, is u na die winkel toe van u vader of die besighede van u vader om te kyk wat daar gebeur het? -- Ek is huis toe.

Na u vader se huis toe? -- Ja.

Was daar enigiemand by die huis gewees? -- Niemand behalwe die polisieman wat daar buite gestaan het nie.

Was sy huis beskadig? -- Nee, die huis was nie beskadig nie.

Is u nog dieselfde aand na u vader toe in Vredefort?

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Ja.

En dieselfde aand van Vredefort af weer terug Bloemfontein toe? -- Nee, ons is eers terug na Parys toe.

Daardie selfde aand? -- Ja.

Hoekom? -- By die plek waar hulle tuis was in Vredefort was daar nie genoeg plek gewees om ons ook daar te kon huisves· vir die nag nie. Met die gevolg is dat ons my moeder saamgeneem het terug Parys toe en die nag daar deurgebring. Ons het my pa daar agtergelaat.

Wanneer het u vertrek terug Bloemfontein toe? -- Die Dinsdag.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Het u vader in Vredefort agter gebly? -- Ja, die nag toe ons daar vertrek het terug na Parys toe, het ons hom daar agter gelaat, maar die volgende dag eers het hy teruggekeer na Parys toe.

MNR. JACOBS : Die dag wat u nou van Bloemfontein af Parys toe gery het, wat se dag was dit gewees? -- Toe ek weggetrek het van Bloemfontein af, is die dag wat ek deurgekom het Johannesburg toe.

Watter dag van die week was dit gewees toe julle van Bloemfontein af gekom het na Parys toe en daar voorgekeer was by die administrasiekantore? -- Dit was ŉ Sondag.

So, die Maandag het julle dan in Parys oorgebly? -- Ja.

En die Dinsdag is julle toe eers weer terug na Bloemfontein toe? -- Ja.

Wanneer het jy die koerantberig gesien? -- Dit was ŉ Woensdag.

Die betrokke koerantberig, hoekom het dit by jou die gedagte gebring, soos u vir die hof gesê het, dat u moet met mnr. Tutu gaan praat? Hoekom met hom spesifiek?

Biskop/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Biskop Tutu? -- Die mense het eintlik gevlug hier in Parys en hulle is daar by my tuis in Bloemfontein, maar hulle kan nou nie lank bly daar nie. Iets moet gedoen word dat hulle kan terugkeer na die plek toe waar hulle woon.

Maar dit antwoord nog nie my vraag nie. Hoekom spesifiek nou oor moeilikheid wat in Parys ontstaan het met mnr. Tutu gaan bespreek? -- Volgens die berig maak hy melding daarvan in die koerant en hy is 'n persoon wat aan my bekend is. Ek het dus aangeneem dat hy die enigste persoon is met wie ek nou kan praat, omdat hy van vrede praat en toe vir hom gevra of hy verdere vrede kan uitvoer.

Hoe het u vir u vader gesê moet u nou gaan doen by biskop Tutu? -- Ek het my pa se toestemming gevra of hy nie saam met my stem dat ons biskop Tutu kan vra om reëlings te tref vir ons om Lekota te ontmoet nie.

Wat wou julle gehad het, het u vir u vader gesê, as julle Lekota ontmoet, wat wil julle dan doen by hom? -- Wat ons gedink het was dat daar miskien vrede gemaak kan word.

In watter opsig nou? -- Dat hulle ophou om die plek aan die brand te steek, dat my ouers kan teruggaan Parys toe en daar gaan bly.

Is dit wat u vir u vader gevra het dat julle gaan Lekota sien, dat hy gevra word dat hulle nie sy plek verder afbrand nie? -- Ek het gesê dat ons met biskop Tutu gaan praat dat hy kan reëlings tref dat ons met Lekota bymekaar kan kom sodat ons hom kan vra dat hulle moet ophou met die brand van ons plekke.

Wat het julle nou daar bespreek met jou vader, hoe gaan julle dit reg kry om hierdie man, Lekota, toe die polisie daar is, daar staan met 'n groot lawaai, waar hy ook

voorgekeer/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

voorgekeer is, dat hierdie man nou sal instem om op te hou om julle besighede te brand? --Biskop Tutu sou tussenbeide getree het. Hy is die man wat ons na hom toe sou geneem het. Wat die lawaai betref wat gemaak is daar by die polisie, dit was nie net hy wat die lawaai veroorsaak het daarso nie. Die polisie self het ook deelgeneem aan daardie geraas.

Wat is gesê daar?

<u>HOF</u> : Waar?

<u>MNR. JACOBS</u> : By die lawaai.

<u>HOF</u> : Spring ons nou weer terug?

<u>MNR. JACOBS</u> : Nee, net terwyl sy dit teruggebring het, maar ek sal later daarby kom dan. Ek sal aangaan. Was dit dan ook bespreek dat biskop Tutu moes ook deelneem aan die gesprekvoering met Lekota en nie net ꞑ bestelling reël nie? -- Ja, hy was veronderstel om by te wees net soos ꞑ predikant om vrede te maak.

U sê biskop Tutu was aan u bekend. Het u vir hom gewerk? -- Nee.

Was u nie op ꞑ stadium sy tikster of sy sekretaresse gewees nie? -- Glad nie.

Voor u daar weggegaan het van Bloemfontein af, het u met biskop Tutu in verbinding getree per telefoon of iets van die aard? -- Nee.

Voordat julle daar weggegaan het uit Bloemfontein, het u enige koerantberigte gesien wat u vader gelees het wat in die koerante verskyn het en het julle dit bespreek oor die onluste wat daar plaasgevind het? -- Ja, ek dink amper daar was ander koerante gewees behalwe hierdie een waarvan ons hier gepraat het. Ek kan net nie meer onthou watter koerante dit was nie.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was daar nie een waar daar gesê was dat biskop Tutu gesê het dat mense, as hulle vrede wil hê in die woongebiede dan moet die raadslede bedank nie? -- Nee, daardie een het ek nie gesien nie.

Het u vader nie daarvan gepraat nie? -- Nee, maar ek sal u sê, ek kan nie so goed onthou nie, maar 'n koerant waarin ek meer belang gestel het en meer aandag aan gegee het, is hierdie een wat van vrede praat. Dit is die koerant wat ons nou hier bespreek het.

U kan nie betwis dat u vader wel 'n koerant gelees het waarin biskop Tutu gesê het dat as mense vrede wil hê daar in die gebiede dan sal hulle moet bedank as raadslede onder andere in Parys nie? -- Nee, ek het dit nie opgelet nie.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K1131 SUSAN SEKAMOTHO SMITH, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mevrou, ek wil met u behandel die eerste ontmoeting met biskop Tutu by sy huis in Soweto. As ek u reg verstaan was u, volgens u getuienis, eintlik die spreekbuis gewees en die persoon wat gepraat het toe u daar by sy huis gekom het? -- Ja, my ouers het hom nie geken nie. Ek is die persoon wat hom geken het.

En is jy die enigste een wat daar gepraat het toe en julle besigheid aan hom verduidelik het? -- Die meeste van die tyd, ja.

Die volgende dag met die ontmoeting met die mense van UDF waar beskuldigdes nrs. 19 en 20 teenwoordig was, het u ook daar hoofsaaklik die praatwerk gedoen? -- Nee, ek het alreeds die vorige dag aan die biskop vertel wat die doel

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van ons besoek daar was. Op die volgende dag het die biskop al direk vir Lekota vertel wat die doel van ons besoek daar was.

Maar jy het meer die praatwerk gedoen as u vader? -- Nee, daardie dag was dit hy wat gepraat het. Hy het eintlik self gepraat.

U sien, want u vader het vir die hof vertel in sy getuienis dat toe hy daar die aand, toe julle, die vier van julle daar opgedaag het by biskop Tutu se huis het hy, u vader, aan hom gesê dat hy, u vader, gelees het dat hy kommentaar gelewer het oor gebeure in Parys op Sondag en dat ŉ lid van UDF ook kommentaar gelewer het en hy het toe vir biskop Tutu gevra om ŉ afspraak vir hom te reël met UDF sodat hy kon hoor wat hy gesondig het. Wat sê u daarvan? -- Na ek vir biskop Tutu gesê het wat die rede van ons besoek daar was by hom, het my vader toe kortliks aan biskop Tutu vertel wat die Sondag daar in Parys gebeur het.

Nee, maar hierdie is nie wat die Sondag gebeur het nie. Ek verwys nou spesifiek na die kommentaar wat hy gelees het in die koerant wat hy gesê het en daardie dinge. Het dit gebeur daar? -- Nee.

So, is dit dan die onwaarheid wat u vader vertel? -- Nee ek weet nie, maar wat my betref, het hulle niks daar bespreek aangaande dit nie. Net die afspraak is die enigste ding wat daar bespreek was vir die volgende dag.

Het u vader glad nie verwys na koerantberigte wat hy gelees het nie? -- Wat hy miskien van kon gepraat het was hierdie ding wat veroorsaak het dat ons na biskop Tutu toe gegaan het, maar iets anders, nee.

Dit is vir my baie eienaardig dat jy sê wat hy kon

gepraat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gepraat het. Beteken dit dat jy weet nie eintlik wat is alles gesê en gedoen daar nie? -- Biskop Tutu het baie laat by die huis aangekom. Dit is na ons al lank gewag het vir sy aankoms. Toe hy daar kom was dit omtrent om 22h30 en hy was ŉ persoon wat van ŉ vergadering af teruggekeer het. Daar was dus nie baie tyd om met hom baie dinge te gesels nie. So, wat van belang was, was die afspraak vir die vergadering.

Is dit moontlik dat u vader wel hierdie dinge gesê het daarso vir biskop Tutu, maar dat u dit nie meer kan onthou nie? -- Nee, ons byeenkoms daar was baie kort.

U sien, want hy gaan verder en dan sê hy op ŉ vraag van biskop Tutu oor waaroor dit gaan - het hy, u vader, vir hom vertel van die afbrand van sy plek die Sondag? Stem u saam dat dit gebeur het dat u vader op ŉ vraag van biskop Tutu vir hom vertel het van die gebeure op Sondag? -- Ja, maar die meeste van daardie dinge was gesê by die volgende dag se byeenkoms in die kantoor van biskop Tutu.

Ons is spesifiek besig met die aand se gebeure waar biskop Tutu alleen was? -- Nee, ons het nie lank geneem daar nie.

So, dit het nie gebeur nie, sê jy? -- Nee, hulle het niks bespreek aangaande wat in ŉ koerantberig was nie

Luister na die vrae, asseblief. My vraag was verder gewees dat daar nadat hy vertel het van die koerantberigte en op ŉ vraag van biskop Tutu het hy toe vertel van wat gebeur het en dat sy plek afgebrand is die Sondag? -- Ja.

In die gesprek wat u vader gehad het met biskop Tutu het hy verwys na beskuldigde nr. 20? -- Ons het daar aan biskop Tutu verduidelik en ons het daar met hom gepraat

oor/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

oor dinge wat daar gebeur het. Ek kan net nie meer spesifiek onthou wie van ons melding gemaak het van beskuldigde nr. 20, dat hy die persoon is wat die plek aan die brand gesteek het of daarvoor verantwoordelik was nie.

MR BIZOS : It is not an objection but I am sure that unwittingly Mr Jacobs is violating your lordship's order. I would suggest that he merely refers to the evidence, because I do not want unwittingly to run foul of your lordship's order.

MNR. JACOBS : Ek weet nie of ek dit werklik doen nie. Ek dink hier in die getuienis - in hoofgetuienis was ook verwys na haar vader. Ek probeer nie die hof se bevel verontagsaam nie.

Ek wil dit aan u stel dat die persoon wat daar gepraat het hoofsaaklik was die getuie wat hier getuig het en wie se besigheid afgebrand is? -- In die eerste plek is ek die persoon wat veroorsaak het dat ons na biskop Tutu se huis toe gegaan het en tweedens, ek is die persoon wat die inligting bekend gemaak het aangaande die persone wat verantwoordelik kan gehou word vir die brand wat daar plaasgevind het, omdat ek dit van die polisieman gehoor het.

U sien, hierdie besondere getuie het ook gesê hy het besluit om na biskop Tutu te gaan omdat hy sekere dinge in die koerant gelees het? -- Nee, ek het besluit dat ons soontoe gaan.

U sien, dit was ook aan die getuie gestel deur die verdediging dat toe hy, die getuie, met biskop Tutu gepraat het daardie aand, het die getuie in afwesigheid van beskuldigde nr. 20, beskuldigde nr. 20 se naam aan biskop Tutu gegee? -- Dit kan wees dat of ek of hy, die getuie, die naam genoem het, maar ek het met daardie inligting van beskuldigde



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nr. 20 se naam daar gekom.

HOF : Ek dink ons gaan op ŉ onmoontlike situasie in die kruisverhoor uitloop. Die getuie moet eenvoudig as sy na haar vader verwys, maar verwys na haar vader. Wie is hier verteenwoordig van die pers?

TOLK : Hier is net een.

HOF : Wat is u naam?

TOLK : Alina Dube.

HOF : En van watter koerant is u?

TOLK : Sowetan.

HOF : Ek het ŉ bevel gemaak dat die vorige getuie wat oor hierdie aspek getuig het, se naam onder geen omstandighede gemeld mag word nie en dat daar ook by wyse van beriggewing glad nie, direk of indirek, te kenne gegee mag word wat sy identiteit is nie. As gevolg van u teenwoordigheid onder andere word die kruisverhoor gestrem en ek wil u daarop wys dat daardie bevel nog staan en dat u aangeraai word om voordat u enigiets publiseer oor hierdie getuie se getuienis, dit na te laat gaan deur een van die regslui hier teenwoordig sodat u nie daardie bevel van my oortree nie.

MNR. JACOBS : So, nou is u glad nie meer seker soos wat u ŉ oomblik gelede was nie of u of u vader daar vertel het van beskuldigde nr. 20 nie? -- Ek het dit bekend gemaak.

Daar aan biskop Tutu? -- Ja.

Hoe het jy dit bekend gemaak? -- Op die volgende manier. Ek het aan hom gesê "Ons het hier by u kom aandoen omdat ons inligting gehad het dat beskuldigde nr. 20 die persoon is wat veroorsaak het dat plekke gebrand moet word. Hy is nie aan ons bekend nie." Ons wou graag gehad het dat hy reël vir ons ontmoeting met die persoon. Indien hy dit kan doen, moet hy

daardie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daardie hulp aan ons verleen.

Is dit nie so nie dat u vader op daardie byeenkoms waar julle nou was by die huis van die biskop gesê het - glad nie na beskuldigde nr. 20 verwys het nie en hy het net in die algemeen verwys na die UDF as verantwoordelik vir die skade en dat hy wil weet wat het hy gesondig? -- Die inligting was dat die persoon is van UDF, maar ons wou nie met die hele UDF gaan praat het nie. Ons het gevra vir 'n spesifieke persoon met wie ons wou gaan praat het.

En as u vader dan sê hy het verwys na UDF, dan is dit (10) ook weer verkeerd? -- Nee, daar was gepraat van Lekota afkomstig van UDF.

Hoekom het mnr. Twayi saamgegaan na biskop Tutu se huis? -- Hy was nie saam met ons nie.

Was hy nie daar by biskop Tutu se huis nie? -- Nee.

En sy vrou, was dié daar? -- Nee, sy was nie.

Wie was saam met u gewees? Laat ek dit net duidelik kry. Dit was uself, u vader en u moeder? -- En my dogter, klein dogtertjie.

Wat is haar naam en hoe groot is sy? -- Sy is 24. (20)

En haar naam? -- Granny.

Is dit korrek dat biskop Tutu het nie dadelik daar vir julle gesê toe die probleem nou daar aan hom geopper was kyk, hy het nou niks met die verbrandingsbesigheid te doen nie, hy het niks te doen met UDF nie en julle moet nou maar gaan en self reël met UDF? -- Nee, hy het nie so gesê nie.

Hy het net gesê dat julle moet die volgende oggend 09h00 by Khotso House wees? -- Wat hy gesê het was, hulle maak gebruik van dieselfde gebou met die persoon saam met wie (30) ons/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ons wil praat. Hy sal reël dat as ons 09h00 daar is, ons daardie persoon ontmoet.

By Khotso House? -- Ja.

Toe julle nou die volgende dag na Khotso House toe is, was mnr. Twayi saam met julle gewees? -- Ja, hy was.

Het hy ook deelgeneem daar aan die vergadering? -- Ja, hy het.

Hoekom is hy saam? -- Ek weet nie van 'n spesifieke rede nie. Hier was dit 'n noodgeval gewees en ons wou graag die persoon ontmoet het wat na bewering die oorsaak was van hierdie nood wat ons nou moet bespreek. Hy was net daar gewees. Ek kan nie sê vir watter spesifieke rede nie.

Kan u vir ons sê hoekom het mnr. Twayi saam met julle gegaan van Bloemfontein af? -- Hy is my buurman. Toe hierdie bekend geword het daar het hy besluit om saam met sy vrou te kom, dat ons ook maar gaan sien en ondersoek instel oor wat gebeur het.

U sê hierdie bekend geword het. Dit laat my 'n bietjie in die duister. Wat bedoel u met hierdie bekend geword het daar? -- Toe die telefoniese berig daar deurgekom het dat my vader se besigheid aan die brand gesteek was in Parys.

Maar dit is mos nie 'n rede dat hy saamgegaan het na biskop Tutu toe nie. -- Op die stadium toe ons by biskop Tutu se huis was, was hy nie teenwoordig nie, maar ons nou vir Lekota moes ontmoet het die volgende dag, in Khotso House by biskop Tutu was hy teenwoordig gewees.

Dit is my vraag wat jy nie wil antwoord nie. Hoekom het hy saam met julle van Bloemfontein af gegaan Johannesburg toe oor hierdie hele aangeleentheid? -- Hy het net saam gekom. Daar was nie 'n spesifieke rede hoekom nie, maar hy het net

saam/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

saam gekom.

Het u hom spesiaal gevra om saam te kom of nie? -- Ek het hom nie gevra nie.

Het u hom gevra, u het mos nou besigheid by Khotso House, om saam te gaan Khotso House toe of het u vir hom gesê nee, wat hy moet maar liewer daar buite bly, hy het niks te doen met daardie besigheid nie? -- Nee, ons het hom versoek om saam met ons daar in te gaan.

Versoek? -- Ja.

